GEREELDE VRAE (FREQUENTLY ASKED QUESTIONS)

Dit is baie moeilik om vooropgestelde "persepsies" te verander, veral wanneer hierdie "persepsies" gevoed word met negatiewe inligting wat aangeblaas word deur oningeligte/waningeligte mense wat persoonlike satisfaksie verkry deur enige vorm van kompetisie in 'n swak lig te stel.

Voordat iemand iets kan leer, moet ons dit deur een of meer van ons sintuie waarneem. Daarna moet dit wat waargeneem is, geïnterpreteer word. Persepsies is dus eintlik interpretasie van inligting.

Sodra daar dus slegs negatiewe/selektiewe inligting waargeneem word, kan slegs negatiewe/selektiewe interpretasies gemaak word. Hoe meer inligting egter verkry word, hoe beter kan geïnterpreteer word en 'n volmaakter/beter "persepsie" kan gevorm word.

Dit is die hoofrede waarom Vereeniging Gimnasium 'n platform skep om volledige antwoorde te verskaf op gereelde vrae wat deur die gemeenskap gevra word. Stuur gerus u vrae direk na navrae@vgim.co.za en kry korrekte en suiwer inligting, ten einde u in staat te stel om u eie "persepsie" te vorm van 'n skool van uitnemendheid.

1. WAAROM MOET SKOLE 'N GEDRAGSKODE VIR LEERDERS Hê EN AAN WATTER VEREISTES MOET DIT VOLDOEN?

'n Gedragskode is die uiteensetting van die reëls en regulasies waaraan leerders moet voldoen vir die ordelike verloop van die skool en die dissiplinêre aksies wat geneem kan word teen ongedissiplineerde gedrag. Omvattend, onbevooroordeeld, nie-diskriminerend en voorskrywend met duidelike riglyne vir korrektiewe optrede. Vereeniging Gimnasium se Gedragskode voldoen aan al die vereistes soos deur die Departement gestel en maak voorsiening vir Vlak 1, 2 en 3 verhore soos uiteengesit in die S.A. Skolewet. (Klik hier om die volledige Gedragskode te lees).
Hierdie riglyne word stiptelik gevolg en daar word onmiddellik gereageer en opgetree sodra 'n klagte ontvang word. Vereeniging Gimnasium vee niks onder die mat in nie.

2. WAT BEHELS DIE NOORDVAAL RUGBY REGULASIES EN MEER SPESIFIEK REGULASIE 3.5 ?

Die vorige BEELD-trofee kompetisie (vandag Die VIRSEKER-trofee) word gereguleer deur die NOORDVAAL Rugby regulasies en hierdie regulasies is met die tyd saam ontwikkel en saamgestel om 'n regverdige kompetisie daar te stel, waarin geen skool onregverdig bevoordeel of benadeel word nie. Daarom is die kompetisie vandag meer gerig op 'n "krag teen krag" basis. Elke deelnemende skool word jaarliks van die NOORDVAAL regulasies voorsien en dit moet onderteken word met registrasie. Reëls en regulasies is 'n oeroue beginsel om ordelikheid en regverdigheid te verseker en enige opvoedkundige instansie moet sy kinders leer om onderworpe te bly aan die reëls van die spel/lewe.

Regulasie 3.5. : "Leerlinge wat na 1 Maart van die betrokke jaar van die Kompetisie van skool verwissel, mag nie aan wedstryde in die Virseker Trofee deelneem nie, alvorens die Hoof van die skool wat die leerlinge verlaat 'n brief teken wat sodanige leerling toelaat om vir die nuwe skool te speel."

Drie belangrike punte om op te let :

1. **Na 1 Maart die skool verlaat na 'n ander skool – GEEN spesifieke rede word versoek nie.**
2. **Mag nie aan wedstryde in die Virseker trofee deelneem nie – Sal dus ligapunte verloor indien wel toelaat om te speel.**
3. **Die hoof van die skool wat die leerling verlaat moet 'n toestemmingsbrief gee – Dit is dus die hoof wat die leerling ontvang, se plig om sodanige toestemmingsbrief te versoek.**

(Klik hier om die volledige NOORDVAAL-regulasies te lees).

3. IS MY KIND VEILIG BY VEREENIGING GIMNASIUM?

Skole is veronderstel om veilige omgewings te wees. Vereeniging Gimnasium se ligging het nog nooit ons kinders se veiligheid in gedrang gebring nie.
Wanneer ons kinders die skool betree, is elkeen op die veiligste plek denkbaar. Ons kinders is nie blootgestel aan geweld, wapens, rooftogte, bakleiery, dwelms, afknouery, boeliery of algemene misdaad nie. Vereeniging Gimnasium het 'n hekwag gedurende skooltyd vir toegangbeheer, wagte wat snags patrolleer, kameras in elke klaskamer en op strategiese plekke op die terrein. Ons ouers word by herhaling genooi om hul kinders binne die terrein op en af te laai by die sporthek, wat ons terrein nog veiliger maak.
Die veiligheid van ons kinders is vir ons 'n prioriteit. Wanneer onvanpaste gedrag kop uitsteek, word dit onmiddellik volledig ondersoek en word die aangeleentheid tydens 'n verhoor afgehandel en die skuldiges gestraf volgens die Gedragskode. Ons vee niks onder die mat in nie en tree sterk op teen ongedissiplineerde kinders.

4. WAT IS DIE TAAL VAN ONDERRIG BY VEREENIGING GIMNASIUM?

Die taal van onderrig by skole word deur die Beheerliggaam van die skool bepaal, volgens die S.A. Skolewet. Die Beheerliggaam van Vereeniging Gimnasium het dan ook in hierdie geval die Taalbeleid van Vereeniging Gimnasium opgestel, waarin die Taal van Onderrig vasgestel is as Afrikaans. (Klik hier vir die lees van die volledige Taalbeleid van Vereeniging Gimnasium).

5. WANNEER IS 'N SKOOL "VOL"?

Daar is 'n voorgestelde formule wat gebruik word om die kapasiteit (aantal leerlinge) van enige skool te bepaal. Hierdie kapasiteit moet elke jaar aan die Departement van Onderwys voorgelê word. Die hoof van 'n skool of die Distrikkantoor kan nie die skool "vol" verklaar nie. Slegs die MEC van Onderwys vir die Provinsie kan 'n skool as "vol" verklaar met 'n skriftelike skrywe om dit te bevestig.
Hand aan hand met die kapasiteit van 'n skool, gaan die voedingsarea van 'n skool.
Wanneer 'n ouer/kind dus binne die voedingsarea van 'n skool woonagtig is, sal dit baie oneties wees om te verklaar dat die skool "vol" is en hierdie ouer moet hul kind by 'n ander skool gaan inskryf en nog meer onkostes aangaan vir vervoer. Vereeniging Gimnasium sal nie kinders binne sy voedingsarea wegwys nie en beveel ouers wat buite sy voedingsarea woon en weggewys word, om na die Distrikkantoor te gaan vir plasing by die skool van hul keuse.

6. HOE WORD DIE VOEDINGSAREA VAN 'N SKOOL BEPAAL?

Die vorige MEC van Onderwys in Gauteng, mnr Lesufi, het elke skool se voedingsarea op 'n kaart laat aanteken en skole moes dit afteken sodra hul Beheerliggame dit aanvaar. Voedingsareas van skole kan oorvleuel, aangesien daar meer as een Laerskool in die nabye omgewing van 'n Hoërskool kan wees. Verdere faktore wat in ag geneem word by die vasstelling van voedingsareas, is die kurrikulum wat aangebied word en koshuisfasiliteite. Sodra 'n skool koshuisfasiliteite het, kan kinders buite sy voedingsarea ook ingeskryf word.

Vereeniging Gimnasium bied die wydste kurrikulum aan in die Vaaldriehoek, met die volgende spesialisrigtings wat aan ons kinders die wydste beroepskeuses bied :

- **AKADEMIES**
- **TEGNIES (Elektriese Tegnologie en Meganiese Tegnologie)**
- **LANDBOU (Landbouwetenskap, Landboubestuurspraktyk en Landbou Tegnologie)**
- **SPORT- EN OEFENKUNDE**
- **GASVRYHEIDSTUDIES (Hotelskool)**

7. WAT MAAK VEREENIGING GIMNASIUM SO SPESIAAL VIR MY KIND SE TOEKOMS?

As gevolg van die wye kurrikulum wat by Vereeniging Gimnasium aangebied word, is die beroepskeuses en –moontlikhede soveel meer. Werksgeleenthede in die Ambagsektor is legio en ons kinders kry voorkeur by opleidingsinstansies soos SOLTECH en maatskappye wat ambagsmanne benodig. Gimnasium bied 24 vakke aan vanaf graad 10-12 om uit te kies en dit word aangebied deur die bes opgeleide personeel.

Ons werkswinkels is professioneel toegerus met die nuutste toerusting en ons klaskamers en laboratoriums beskik oor elektroniese witborde om leer baie meer visueel te maak.

Verder bied Gimnasium aan ons graad 8 en 9 leerders die geleentheid om Beroepsgerigte vakke te neem en reeds in die Junior grade agtergrond te kry van vakke en beroepsrigtings waar groot werksgeleenthede is.

GRAAD 8 EN 9		GRAAD 10-12
AFRIKAANS HT		AFRIKAANS HT
ENGELS EAT		ENGELS EAT
WISKUNDE		LEWENSORIëNTERING
NATUURWETENSKAPPE		WISKUNDE
SOSIALE WETENSKAPPE		WISKUNDIGE GELETTERDHEID
LEWENSORIëNTERING		TEGNIESE WISKUNDE
EKONOMIESE- EN BESTUURSWETENSKAPPE		FISIESE WETENSKAP
EN		TEGNIESE WETENSKAP
TEGNOLOGIE	VERVANG MET ENIGE 2 van:	LEWENSWETENSKAP
SKEPPENDE KUNS	- Elektriese Tegnologie	GEOGRAFIE
	- Landbou Tegnologie	GASVRYHEIDSTUDIES
	- Gasvryheidstudies	TOERISME
		BESIGHEIDSTUDIES
		INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP
		REKENINGKUNDE
		SPORT- EN OEFENKUNDE
		LANDBOUWETENSKAP
		LANDBOUBESTUURSPRAKTYK
		LANDBOU TEGNOLOGIE
		ELEKTRIESE TEGNOLOGIE (KRAGSISTEME)
		MEGANIESE TEGNOLOGIE (MOTORWERKTUIGKUNDE)
		MEGANIESE TEGNOLOGIE (PAS- & DRAAIWERK)
		REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE
		INLIGTINGSTEGNOLOGIE

8. HOE VERGELYK VEREENIGING GIMNASIUM SE SKOOLGELDE MET ANDER SKOLE?

Dit wat Gimnasium bied vir die skoolgeld wat gehef word, is definitief nie vergelykbaar met ander skole nie. Gimnasium bied maar net soveel meer!
Skoolgelde word in Oktober tydens die Ouerbegrotingsvergadering vasgestel en goedgekeur. Let asseblief daarop dat geen handboekgelde gehef word nie. By Gimnasium kry elke kind in elke vak sy/haar handboeke gratis. Indien die handboek verloor of beskadig word, moet dit vervang word op die ouer se kostes.
Skoolgelde kan ten volle betaal word vir die jaar met 10% afslag voor einde Februarie, of oor 10 maande afbetaal word. Ouers wat agter raak met betalings, word oorhandig vir invordering.
Aansoeke vir staatsubsidie sluit einde Februarie.

9. WAT BETEKEN 'N "MULTI-KULTURELE" SKOOL?

ALLE skole is multi-kulturele skole, aangesien Suid-Afrika bestaan uit meer as een kulturele groep. Vereeniging Gimnasium is dan ook saamgestel uit verskeie kulturele groepe en ons respekteer mekaar se etnisiteit. Gimnasium is 'n Afrikaans-medium multi-kulturele skool, wat onderrig en opleiding van hoogstaande gehalte verskaf. Ons leer ons kinders om in harmonie en wedersydse respek vir mekaar saam te werk, saam te leer en saam mee te ding op die sportveld. Geen vorm van diskriminasie word geduld nie, want by Gimnasium besef elkeen dat ons kinders na skool saam moet werk by 'n multi-kulturele Tersiêre Instansie of in 'n werksomgewing saam met mekaar moet werk en mekaar moet respekteer. Waar is 'n beter leerskool as 'n skool?

10. WAT BEHELS DIE AANLYN-REGISTRASIE PROSES IN GAUTENG?

Sommige skole in Gauteng kry meer aansoeke vir inskrywings in graad 1 en graad 8, as wat hul kapasiteit toelaat. Om hierdie probleem van oorvol klaskamers te ondervang, het die Departement van Basiese Onderwys 'n aanlyn registrasieproses geskep, sodat ouers kan aansoek doen om hul kind by 'n spesifieke skool in te skryf. So kan die Departement skole se kapasiteit monitor en voortydig kinders na ander skole kanaliseer indien 'n skool kapasiteit bereik het.
Die aanlyn registrasieproses open op 15 Junie 2023 en sluit op 14 Julie 2023. Ouers mag in hierdie tydperk by tot 5 skole aansoek doen vir hul kind vir toelating in 2024. Geen kind sal benadeel word op enige manier nie, solank u net binne hierdie spertyd registreer. Skole sal hul aansoeklyste vanaf die Departement ontvang en moet dan volgens die volgende kriteria kinders keur :

1. **Ouers is woonagtig binne die voedingsarea van die Hoërskool.**
2. **Broer/suster in die spesifieke Hoërskool of huidige Laerskool naby die Hoërskool.**
3. **Ouer/s se werksadres binne die voedingsarea van die Hoërskool.**
4. **Ouers se huisadres is binne 30km radius van die Hoërskool.**
5. **Ouers se huisadres is verder as 30km radius van die Hoërskool.**

Hierdie lyste word teruggestuur na die Departement en SLEGS die Departement mag 'n sms-boodskap stuur na die ouers dat hul kind geplaas is by 'n spesifieke Hoërskool. Dit sal vanaf 4 September 2023 gebeur. Ouers moet dan op hierdie boodskap antwoord dat hulle die plasing aanvaar of afwys. GEEN ander boodskappe is geldig of wettig nie. Die volgende dokumentasie moet by elke skool waar aansoek gedoen word, ingehandig word of aanlyn gelaai word :

- **Ouer/s en kind se ID/Paspoort/Geboortesertifikaat**
- **Bewys van woonadres (Water- en ligte rekening)**
- **Bewys van werksadres**
- **Laaste graad 7 rapport**

Reageer SLEGS op die sms-boodskap van die Departement. Indien u kind geplaas is by 'n Hoërskool waar hy/sy nie wil gaan nie, moet u die plasing afwys. Verwittig die skool waar u kind wil heengaan van die foutiewe plasing, sodat gehelp kan word met die korrekte plasing. Ouers kan by enige skool/inloopsentrum hul kind gaan registreer, indien u nie tuis/werk die nodige rekenaarfasiliteite het nie.
Vereeniging Gimnasium beskik oor koshuisfasiliteite. Voornemende graad 8-leerders wat by ons wil registreer en koshuistoelating vereis, moet eers die koshuisaansoek voltooi.

11. HET VEREENIGING GIMNASIUM 'N NASKOOL SENTRUM EN WAT SLUIT DIT ALLES IN?

Ja. Leerders wat by die Naskool Sentrum ingeskryf is, gaan direk na skool koshuis toe. Hier ontvang hulle 'n heerlike middagete in die eetsaal, waarna hulle kan verklee vir sportoefening of studiesaal toe vir doen van huiswerk/leer onder toesig. Na sportoefening sluit die sportkinders aan in die studiesaal vir huiswerk/leer tot hul ouers hulle kom oplaai om 17:00. Kostes verbonde aan die Naskool Sentrum beloop R500-00 per maand.

12. HOE VORDER DIE BOU VAN DIE NUWE SAAL BY VEREENIGING GIMNASIUM?

Die SAAL-PROJEK soos dit bekend staan by die Departement, omvat die volgende projekte waarvoor daar reeds goedkeuring verleen is :

- **Sloping van die ou saal en rehabilitering van die omgewing.**
- **Oprigting van 'n nuwe saal by die sportfasiliteite agter die hoofpawiljoen.**
- **Sloping van die ou Gimsaal en rehabilitering van die omgewing.**
- **Sloping van die kombuisgedeelte van die koshuis en die oprigting van 'n nuwe moderne kombuis en nuwe vloer in die eetsaal.**
- **Sloping van die ou woonkwartiere van die algemene werkers en die oprigting van nuwe kwartiere. Tydelike woonkwartiere sal eers opgerig word.**
- **Bou van 3 nuwe netbalbane rondom die nuwe saal. 'n Veeldoelige vloer sal 2 binnenshuise netbalbane ook moontlik maak.**

Dit blyk dat die eerste fase van bogenoemde projekte gedurende die Junie-vakansie sal begin.

13. WAT IS DIE HOEKSTENE VAN VEREENIGING GIMNASIUM SE OPVOEDING EN ONDERRIG?

VEREENIGING GIMNASIUM SE KINDERS IS BAIE TROTS OM ONS 5 HOEKSTENE UIT TE LEEF :

- **TROTS**
- **TRADISIE**
- **DISSIPLINE**
- **STREWE NA UITNEMENDHEID**
- **CHRISTELIKE KARAKTER**

14. MOET EK AGTER MY MAATS AANGAAN NA 'N HOëRSKOOL?

Die keuse van 'n Hoërskool is een van die belangrikste besluite wat 'n kind en ouer moet neem. Hierdie besluit het 'n reuse invloed op jou geluk tydens jou laaste skooljare en jou toekoms t.o.v. werksgeleenthede en/of moontlike verdere studies.
Om blindelings maats te volg of te luister na stories wat versprei word deur mense, gaan jou tien teen een baie duur te staan kom. Daar is ongelukkig mense wat om duistere redes niks goeds van sekere skole kan sê nie. Kry ALLE inligting en vind meer uit van die Hoërskole waarin jy belangstel, voordat jy jou keuse in iemand anders se hande laat – jou maats of negatiewe mense gaan nie jou toekoms vir jou lei nie! Maak doodseker jy het korrekte inligting en die enigste manier om dit te verseker, is om die skool te besoek waarin jy belangstel.

Vereeniging Gimnasium het juis hierdie platform gestig om vrae te beantwoord wat gereeld in die gemeenskap gevra word en om hierdie negatiewe mense te ontbloot vir die droomvernietigers wat hulle eintlik is. Stuur eerder jou kwelvrae na navrae@vgim.co.za, sodat die ware toedrag van sake in die ope kan kom.